# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. WOENSDAG, 8 JUNIE 1955 Nr. 7


# DR. C. KENNETH SNYDER ON THE AMERICAN REPUBLIC

On Thursday evening, the 26th of May, the members of the A.S.B. branch of Potchefstroom were addressed by the Attaché of the American Embassy, Dr. C. Kenneth Snyder. For two reasons this meeting was a great success: not only did the students of this university have an opportunity of learning something moie ..bout America's system of government, but, by inviting Dr. Snyder to address them, they disproved the notion that we in South `frica are narrow and conservative and have no desire whatsoever to learn from other countries. Dr. Snyder expressed his surprise and appreciation at this gesture of the students of the ı otchefstroom University, and the Study Committee is to be congratulated because they did something towards opening the eyes of a foreign attaché who inevitably has some influence in his own country. Positive steps like this help to dispel distorted ideas which foreign countries have about South Africa.

Dr. Snyder began his address by pointing out that, as a result of modern communication, the world has shrunk to an amazing degree. It has consequently become impossible for one country to remain an isolated unit: it has become imperative for us to learn something of the political machinery of other countries. In a brief historical sketch of America's background, he indicated 1776 as the year in which that country had become completely prepared for politics. In that year the Fouding Fathers formulated the Declaration of Independence. The year 1778 saw the formulation of the Constitutional Convocation, and in the next year, 1779, the American constitution was drawn up. In this document six basic principles were adhered to, namely:

1. The concept of a written constitution; 2. The Bill of Rights; 3. The concept of the separation of power; 4. Representation of the people: a a political assembly with executive power; 3. Limited power of the chief executive; 6. Independent judiciary.

**America's system of government is moulded on the federal pattern. In this federation the different states, each with a government of its own, combine to form a central or federal government. The powers of the several state governments, and of the federal government are clearly defined. Although America was not the first country to employ this form of government, it certainly is the most celebrated federation. Other federations are Canada, Australia, Mexico, Brazil, Germany, Russia.**

### POWERS OF PARLIAMENT

Countinuing his address, Dr. Snyder discussed the Powers of Government. The CONGRESS consists of two houses, a lower and a higher. Representatives of these two houses are chosen for two and six years respectively; the lower houses is constituted on a papulation basis, while the higher has a geographical basis. Each state is represented by two senators in the Upper House, and at present there there are 96 senators. The administration of the state is entrsted to various committees, such as the "Power of the Purse." The American Republic has broken all rules of tradition as exhibited in other countries. Whereas in all other countries the power of the Upper House has steadily decreased and that of the Lower House has increased, this has not occurred in the U.S.A. The head of the state is the PRESIDENT whose power is limited. He is chosen by the people from candidates nominated by the different political parties. The president may come from any class of the population, and Jackson was the first man not to be elected from the Upper Class.

In the American COURT SYSTEM the Federal court is the supreme court, to which State and District courts are subordinated. In 1937 the number of judges was increased from 9 to 13. It is interesting to note that the laws of the different states vary considerably. To illustrate, Dr. Snyder refrarked that whereas it is extremely difficult to obtain a divorce in New York State, th s is not the case in some other states. Married couples who want to get an easy divorce usually go to one of these states.

By way of illustrating his address, two films were shown at the conclusion of the meeting. The first was the presidential nomination, the second about President Eisenhower's press conference.



**Sy Edele, Dr. J. H. Viljoen, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, wat as hoofspreker optree wanneer d e Fisika-laboratorium Saterdag in gebruik geneem word.**

# Ingebruikneming van Fisika-Laboratorium en Klawerhof

Op 11 Junie sal die nuwe Fisika-laboratorium asook die nuwe dameskoshuis, Klawerhof, offisiëel in gebruik geneem word. Die verrigtinge begin om 10 vm. by die laboratorium. Nadat die Rektor, **Prof. J. Chr. Coetzee** die aanwesiges welkom geheet het, sal die **Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, sy edele Dr. J. H. Viljoen,** 'n redevoering hou. Hierna voer die rektor weer die woord, en dra verskillende vertrekke aan die donateurs op. Onder andere word vertrekke aan **Yskor, Sanlam, Shell, Dorman Long** en die **Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Koophandel** opgedra.

Die sleutel van die laboratorium word deur die argitek, **Prof. A. L. Meiring** aan Minister Viljoen oorhandig wat dan die deur sal oopsluit. Hierna, vanaf 11-uur tot 11.30 sal daar 'n teepouse wees, waarna die gebou oopgestel sal word vir besigtiging. By hierdie geleentheid sal die vertrekke wat aan die donateurs opgedra is, aan hulle gewys word.

### KLAWERHOF

Vervolgens sal die verrigtinge na die nuwe dameskoshuis verskuif, waar die Huisvader, **Prof. D. J. van Rooy** die woord sal voer. Mev. A. L. Aucamp, voorsitster van die Uniale G.S.O. sal hierna 'n rede voer, en nadat die selutel van die koshuis aan haar oorhandig is deur Prof. Meiring, sal sy d.e gebou oopsluit.

Ter afsluiting van die dag se verrigtinge sal daar 'n noenmaal plaasvind by die Hoër Huishoudskool waarby teenwoordig sal wees alle gaste wat uitgenooi is. Teenwoordig sal wees o.a. die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap; die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. H. S. van der Walt; Dr. F. J. de Villiers, Nywerheids-adviseur van Handel en Nywerheid; Dr. Stefaans du Toit, en Dr. S. M. Naude van die W.N.N.R. en die Kanselier van die Universiteit, Dr. Frans du Toit.

## DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

## J. TOD SUTTIE.

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

## UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp

## MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM


Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**




# Eerste in die wêreld

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
1/5 vir 20, 3/6 vir 50

*Rembrandt*

**VAN RIJN**

FILTER DE LUXE

**met die „GOLDEN THROAT"-filter**

Spiereg VRFA6

## QUEEN'S HOTEL

**. . . . . . vir al u dinees!**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

## J. P. van der WALT APTEEK

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

## PRO REGE-PERS Boekhandel

en

**Antikwariaat.**

vir al u

Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

# Die Wapad

WOENSDAG, 8 JUNIE 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... M. J. Strydom.

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR E. J. Smit.

NUUSREDAKTEURS ..... ..... ..... ..... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.

KUNSREDAKTEURS ..... ..... ..... ..... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.

SPORTREDAKTEURS ..... ..... ..... ..... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.

VARIAREDAKTEURS ..... ..... ..... ..... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.

SPOTPRENTTEKENAAR ..... ..... ..... J. M. Smith.

FOTOGRAAF ..... ..... ..... ..... ..... ..... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ..... ..... ..... ..... ..... .....A. S. Hechter.

LEDE

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# As Ons Nie Fout Vind, Laat Ons Dan Saamstry

Ons koerante is deesdae vol van die krisis in die Parlement oor die nuwe Senaatwet. Selfs ons eie studentegeledere is daaroor in beroering. Daarom sal dit die moeite loon om bietjie na te gaan hoe die posisie van die Owerheid met sy pligte en die metode waarop hy dit uitvoer, in hoër kringe beskou word.

**Die Absolute Gesag behoort aan God alleen. Die gesag wat die Owerheid besit is afgeleide gesag wat hy van God ontvang langs die weg van 'n soewereine Volksraad. Daarop moet gelet word dat, alhoewel die volk met 'n meerderheid van stemme die Volksraad aanwys, daar nie van so iets as Soewereiniteit van die volk sprake is nie. Hierdie meerderheidsbeslissing van die volk, het Paul Kruger die „koningstem" genoem, waarin dan die Stem van God erken word. Daarom het nie die volk nie, maar alleen die Volksraad soewereiniteit en vir die vervulling van sy roeping is hy aan God verantwoording verskuldig.**

Die Konstitusie, wat by wyse van Konvensie saamgestel word en eers na aanname deur die Wetgewende Vergadering wet word, is natuurlikerwys onderhewig aan organiese ontwikkeling. Wat in 1910 eis was, is nou miskien weer van minder belang, terwyl daar sedertdien baie ander behoeftes ontstaan het, waarvoor voorsiening gemaak moet word.

Met die nuwe behoeftes moet die Reegring sorgvuldig rekening hou. Sy verantwoordelikheid noop hom om alle struikelblokke in sy weg tot die voorsiening in die behoeftes, uit die weg te ruim. **In hierdie vervulling van sy roeping moet hy egter altyd deeglik rekening hou met die Ewige Beginsels wat God aan die mens in die Heilige Skrif en in die Geskiedenis geopenbaar het.** Wanneer hy dit nie doen nie, het die volk tot taak om op die gepaste wyse hom op sy roeping te wys of om hom te vervang.

As daar dan wel besware is teen die optrede van die Regering, laat ons dit eers goed ondersoek om te kyk of hulle volgens beginsel gehandel het. Alleen wanneer hulle teen die beginsel indruis, kan ons hulle met reg kritiseer en sal ons op die manier ook 'n belangrike taak vervul wat op ons burgerskap rus. Maar as ons dan nie fout vind nie, laat ons dan saamstry!

E. J. S.

## Oordenking

# Die Taal van die Verloste

**Efesiërs 4:29 (a): „Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie . . . . . .**

CHRISTEN WEES — wat beteken dit? Beteken dit om in die kerk gedoop te wees, om in die kerk belydenis van die geloof af te lê, om gereeld Sondae kerk-toe te gaan, om by maaltye die seën oor die voedsel te vra en ná ete te dank? Ja, wel deeglik hou dit al hierdie dinge in, maar dit is hoegenaamd nie al nie! Wanneer ons Christelikheid slegs bestaan in die doen van al bogenoemde dinge en verder niks meer nie, dan is ons voorwaar in 'n staat van geestelike bankrotskap! Om Christen te wees, beteken om deur Christus verlos te wees van die skuld en die mag van die sonde, en om die **ganse** lewe aan God toe te wy as 'n groot dankoffer — selfs die woorde wat uit ons mond uitgaan, moet Godswelgevallig wees.

By die Efesiërs het daar baie dinge voorgekom wat radikaal met die Evangelie gebots het; hulle lewe was nie soos die van verlostes nie, en daarom dat Paulus in hierdie deel van hoofstuk 4 aan hulle toon **hoe die verloste mens moet lewe;** hulle is deur die genade in Christus gereinig, en daarom moet hulle ook soos geheiligdes lewe, in elke werk wat hulle doen, in elke woord wat hulle spreek!

In elke woord wat hulle spreek — die verloste in Christus moet ook spreek **die taal van die verloste.** Het die Lam dan nie sy kinders van alle onreinheid en sondes gereinig deur sy kosbare bloed nie? Het Hy dan nie in hul binneste 'n rein hart geskep nie? Hoe kan daar dan nog uit die mond 'n vuil woord uitgaan?

As Paulus al ooit 'n vermaning uitgespreek het wat geheel-en-al van toepassing is op ons studentelewe van vandag dan is dit hierdie: „Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie . . . ". Ons is sogenaamd almal gelowiges, Christene, Calviniste, Gereformeerdes, ons beoefen die wetenskap by die lig van Gods Woord, ons gaan Sondae kerk-toe, ons dra Sondae geen sport-klere nie, ons hou godsdiens-oefening aan tafel, en op al hierdie dinge beroem ons onsself — maar luister bietjie na die gesprekke in die kamers, op die balkonne tydens teetyd: is dit die taal van verlostes wat ons hoor? Kan daardie vuil woorde uit 'n geheiligde hart opkom? Wat help daardie lagie vernis wat ons somtyds aanwend om die skyn te gee dat ons darem kinders van God is? As ons dan tog maar liewer ons mond wil toe hou in plaas daarvan om ons innerlike vuilheid aan ons vriende en medestudente te openbaar met die kwytlating van sulke woorde. Is dit dan nodig om eers tot daardie lae peil te daal voordat mens waarlik student kan wees? Is dit dan een van die noodsaaklike kenmerke van 'n student?

Allermins! Christus het ook vir ons sy genade ten deel laat val, en daarom eis Hy van ons om ook aan die wêreld te toon dat ons verlostes is: ons moet werke doen van verlostes, en ons moet die taal spreek van verlostes!

J. VISSER.

## KORT EN KRAGTIG

Kennis word dikwels verwerf ten koste van spontaneïteit.

Sonder die gebed bly die liefde vir God stom.

* * *

Die vleier oordryf altyd dit waarin hyself graag groot wil wees.

* * *

Ons het 'n siel wat nie met die materiëele versadig kan word nie.

* * *

Die mens wil God maak tot 'n dooie God, om dan met Hom te handel soos dit hulle pas.

## PERSOONLIK

Na 'n lang en ernstige siekte, gaan dit nou so beter met Mev. Minnaar, die moeder van Fanie en Tina, dat Fanie sy studies kon hervat het. Mag sy spoedig sodanig herstel dat Tina ook weer in ons midde kan wees.

* * *

Sommer twee van die Puk dames het in die afgelope week hulle kinderskoene uitgetrek. 'n Woord van gelukwensing aan Ria Botha en Janet Venter met hulle onderskeie mondigwordings op 27 en 24 Mei respektiewelik.

* * *

'n Paar van die Puk se alleenlopers het gedurende die laaste paar weke besluit om maar liewer die laste van die Universiteitslewe verder saam te dra. Moontlik het die toenemende koue ook sy deeltjie bygedra.

Baie geluk aan:

Ansie van der Merwe en Arrie v.d. Walt;

Elizabeth Geertsema en Flip Kruger;

Sarie Grobler en F. W. de Klerk.

* * *

Baie hartlik geluk aan

Daan en Cecile Eloff met die geboorte van hul groot seun;

Therese (Strüwig) en Johan Visser met hulle dogter, en Hein en Mevr. Kruger met hulle dogter

# Uitgeknip vir die naweek...



U weet hoe belangrik naweek-ontspanning is om ontslae te raak van daardie sufheid wat die week se werk meebring. VEKA se snyers weer, is bewus van die belangrike rol wat klere speel om die sorgvrye uurtjies aangenaam te maak . . . Daarom bied ons met trots hierdie VEKA-sportbaadjie van handgeweefde Harris Tweed aan . . . oortuig dat dit u ontspanning sal vervolmaak.

Die VEKA-baadjie met die reguit skouerlyn in die gewilde Ruiterstyl, is deftig en manlik—beskikbaar in 'n groot verskeidenheid kleure en geruite patrone—UITGEKNIP VIR U.

As Suid-Afrikaanse fabriek weet ons snyers hoe om vir U te sny. Kennis wat oorsee opgedoen is en jarelange ondervinding, word toegepas om klere te sny wat die Suid-Afrikaner se liggaamsbou pas.

U dra 'n VEKA-baadjie lank omdat dit lank nuut bly.

Die Harris Tweed-baadjie hier afgebeeld is ligbruin met die bekende Veka-Jonkheerbroek in donkerbruin.

veka

**UITGEKNIP VIR U**

2405

# *Van Studenteraadswee*

Dit was al heel dikwels vanjaar aangenaam om 'n P.U.-Kaner te wees en gladnie die minste op 21 Mei nie! Wie van ons het nie sy bloed met rasse skrede deur sy are voel vloei nie? Wie van ons het nie inderdaad die bors uitgestoot by die gedagte dat die intervarsity waarvan daar gesê is dat dit die mooiste was wat in jare nog op Potchefstroom afgespeel is, deur die Pukke met reg en oortuiging gewen is nie? Baie hartlik geluk aan almal wat ook so „begeisterd" was dat die uitslag moeilik anders kon wees! Ons sê nie dankie nie want dit was u deel, maar ons is so trots . . . trots op al ons spelers!

## BAIE DANKIE

Dis die woord van S.R.-weë aan almal wat so ywerig meegewerk het om van die afgelope intervarsity 'n sukses te maak. Die woord gaan aan almal van die eerste tot die laaste jaar **maar ons roep met dankbaarheid in herinnering die optrede van die geagte S.S.B. en die van die Tweedejaars . . . spesiale vermelding van die taak van hulle wat maar altyd so swoeg.**

'n Uitsonderlike woord van dank wil ons ook nog graag spreek aan ons geagte Huisvader, Prof. D. J. van Rooy, en die verskillende matrones wat so dienswillig was om die spelers-vanver te herberg.

Aan al die Oukies wat meegewerk het om van die intervarsity iets moois te maak, wil die S.R. ook 'n woord van hartlike dank spreek. Ons is seker dat die mooi gees wat u aan die dag gelê het ruimskoots toegevoeg het aan die sukses van die dag. Die uitslae was minder voorspoedig vir u, en al lyk dit na oor-entoesiastiese oorwinnaarsvreugde wil ons tog aan u lof bring vir die wyse waarop u die uitslae aanvaar het. Mag ons altyd aangenaam saamspeel!

Dan ten slotte ook 'n woord van hartelike dank aan die W.T.R.U. vir hulle deel in die suksesdraende organisasiewerk op daardie dag. Die S.R. werk met u altyd baie aangenaam saam; asook: Baie dankie aan „Rembrandt" vir hulle gewaardeerde diens.

## WENGEES OF SPANGEES

Ons weet wat dit beteken as dit nie 'n beskuldiging is nie maar 'n omvangryke waarheid dat laasgenoemde altyd die vaste bate vir alle gesonde kompetisie bly. Die spangees wat op Saterdag 21 Mei in al ons spanne die vuurkrag tot groter sukses was, moet bly. Dit laat die P.U.-Kaner-verbyganger die telbord met 'n glimlag opmerk! En die opponente vra: Is julle dan nie bly oor die oorwinning nie?

## HY NEEM SY ALLERLIEFSTE DOGTER UIT

Aan mnre. Fanie Minnaar en Frans de Bruyn asook juff. Annaline du Plessis, Trynie Eksteen en Joan Aucamp wil die S.R. hiermee sy hartlike gelukwensing oorbring met die groot stap. Die Here se seën word u ook toegewens en ons almal se vreugde.

Ph. C. SNYMAN,
(Voorsitter, Studenteraad.)

---

Woorde is 'n pantser om die sielelewe te verberg; maar woorde is ook die spieël waarin ons diepste ontroeringe weerkaats word — soos berge in 'n stille meer.

## AAN DIE REDAKSIE

Fochville,
30-5-'55.

Die Redakteur,
Die ,Wapad."
Meneer,

Reeds as eerstejaar het ek te doene gekry met die bewoners van die heiligdom agter die glasvenstertjies by die hoofgebou. Toe reeds het ek besef dat ek vir hulle veel onbelangriker is as 'n lastige vlieg vir 'n koei — die koei probeer darem nog af en toe vlieë met 'n swaai van haar stert verwilder, maar hulle het my deurgaans op Fochies gehou. Die toestand van sake het ek toegeskryf aan die feit dat ek maar net 'n eerstejaartjie was. Met die verloop van jare is ek egter ontnugter: Twee feite het vir my duidelik geword:

1. By hierdie een plek word daar nie teen eerstejaars gediskrimineer nie: eerste en sewendejaars is ewe onwelkom voor die venstertjie;

2. Daar word wel teen dames gediskrimineer. Die volgende episode het my sterk laat voel dat dit tyd geword het om ook manlike klerke agter die venstertjies te kry sodat die dames se belange behartig kan word. Op 'n goeie middag wou ek dolgraag 'n pakkie ná studentetyd gaan afhaal. So sterk was my begeerte dat ek my vrees oorwin en ewe vreesbevange gaan pleit het. Genadelose oë het my aangestaar en nadat ek my rympie opgesê het, is die kille deursigtige muur wreed toegeskuif. Terwyl ek nog totaal platgeslaan staan, kom 'n ouheer daar aan. **Met 'n Don Juan glimlag skuif hy sy strokie nader, en siedaar: met n aanvallige glimlaggie word sy pakkie aan hom gegee.**

Maar laat ek ernstig word: is dit noodsaaklik dat ons arme studente (veral dames) so uit die hoogte bejeën word? Is dit nodig dat ons partymaal 'n kwartier lank moet wag om gehelp te word en dan uiteindelik maar in wanhoop moet wegloop? **Is ons tjekkies dan so skamel** dat dit met so 'n verpletterende houding in ontvangs geneem moet word? Is ons dan so lelik dat dit onmoontlik is om anders as met 'n suur gesig na ons te kyk? Is dit absoluut onmoontlik om vriendelik te wees teenoor arme ons?

Baie dankie vir plasing,
„Moeg vir Fochies"

N.S. Ek weet dis baie lafhartig om nie my naam te teken nie, maar ek is REGTIG bang vir die kantoorjuffrouens!

## BAIE DANKIE

Langs hierdie weg wil ek my dank oorbring aan die redaksielede van die „Wapad" vir al hul opofferende arbeid met die vorige uitgawe van die ,Wapad". In die besonder wil ek die naam noem van **mnr. Erasmus Smit,** die assistent-hoofredakteur wat verantwoordelik was vir die verskyning van hierdie uitgawe. Mnr. Smit het nie alleen gesorg vir die opstel van die hoofberigte nie, maar ook vir die tegniese versorging van die hele uitgawe. Baie dankie.

HOOFREDAKTEUR.

## KORT EN KRAGTIG

Die vinder bewys wie hy is deur wat hy doen met sy vonds.

* * *

Wat mens pligsbesef noem het baie reeds misvorm; gevoeliges het daardeur hard geword, vriendelikes wreed, en verstandiges bekrompe. Mens moet leer dat daar maar een plig bestaan: Liefde.

* * *

Die vroulike in die man is belaglik, die manlike in die vrou beangstigend.

Die bestes onder ons is nooit so goed as wat die slegtes sleg is nie.

* * *

Mens leer die verskil tussen goed en sleg ken uit die waarneming dat die goeies altyd tot die slegte en die slegtes alleen by hoë uitsondering tot die goeie in staat is.


**Studente . . . !!**
Vir al u

- **Handboeke,**
- **Skryfbenodigdhede,**
- **Leertasse,**
- **Geskenke, ens.!**

**BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.**

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

**Kerkstraat 90 — Telefoon 497**




## VAN DIE REDAKSIE

Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.
8 Junie 1955.

Geagte Lesers,

Soos u sal opmerk, is hierdie uitgawe van die „Wapad" aansienlik kleiner as die voriges. In die eerste plek is dit toe te skrywe aan die feit dat daar so gou na die Intervarsity weer eens 'n uitgawe verskyn nadat alreeds 'n spesiale „Wapad" die lig gesien het en waarin volledige uitslae van die afgelope Intervarsity verskyn het. In die tweede plek, egter, moet dit toegeskryf word daaraan dat daar so min belangstelling in die „Wapad" van die kant van ons massa is. Alhoewel die redaksie die eintlike werk van „Wapad" moet waarneem, word dit tog verwag dat ons studente ook van hulle sal laat hoor. Reeds in die eerste uitgawe van hierdie jaar is daar 'n beroep op almal gedoen om ook hulle deeltjie by te dra maar dit is met spyt dat hier gekonstateer moet word dat daar met die uitsondering van slegs twee persone buite die redaksie, nie 'n enkele bydrae tot nog toe van enige ander persoon ontvang is nie. Hoe lyk dit, Pukke, gaan ons nie in die vervolg iets meer van u kant af hoor en kry nie?

Langs hierdie weg wil die redaksie en administrasie van die „Wapad" sy hartlike dank oorbring aan alle persone en instansies wat behulpsaam was met die organisasie en werksaamhede wat gepaard gegaan het met die uitgee van die spesiale „Wapad" tydens Intervarsity. In die besonder wil ons graag al die eerstejaarmans wat so flink verkoop het aan die „Wapd" tot laat Saterdagaand, ons dank oorbring.

M. J. STRYDOM,
(Hoofredakteur)


**TURKSTRA BAKKERY**

**Raadpleeg ons vir . . .**

- **BRUIDSKOEKE,**
- **BROOD**

**en**

- **ALLE KOEKSOORTE.**

**ELKE DAG VARS . . . !**

# DIT KON GEBLY HET

„Ons wil die Pukke wat vandag 'n oorwinning oor ons behaal het, van harte geluk wens. Hulle het dit verdien. Maar ek wil dit darem graag sê, dat 'n skeidsregter wat so 'n wedstryd beheer, moet onthou dat die toeskouers op die pawiljoen sien as hy foute begaan . . . . " Met hierdie paar woorde het Mnr. Bennie Kruger, die kaptein van die U.O.V.S.-span wat met 16 punte teen drie deur die Pukke verslaan is, die aanwesiges toegespreek op die dinee wat na afloop van die Intervarsity plaasgevind het.

Die toejuiging wat hy gekry het na sy toespraak was alles behalwe spontaan. Dit moes maar net gebeur. Elkeen teenwoordig op die dinee, die Oukie-ondersteuners inkluis, het hulleself die vraag afgevra of dit wel nodig was dat mnr. Kruger melding moes maak van 'n fout wat die skeidsregter onbewus begaan het gedurende die loop van die wedstryd. As Pukke het ons almal gesien dat een van die drieë wat deur Theos aangeteken is, voorafgegaan is deur 'n aanslaan wat die skeidsregter onmoontlik nie kon raaksien nie. Gestel maar dat hy dit wel raakgesien het: drie punte minder vir die Pukke (want daardie drie is nie vervyf nie) en die eindtelling 13-3. Daardie spesifieke drie kon die uitslag van die wedstryd in elk geval geensins beïnvloed het nie.

Dit is vir my voorwaar 'n baie swak gebaar van 'n persoon in die hoedanigheid waarin Mnr. Kruger verkeer het, om so 'n opmerking te maak. Dit getuig ook van 'n gees wat gladnie tuishoort in ons nasionale spel nie. Dit kon werklik maar gebly het en dan sou die afsluiting van ons puik Intervarsity ook op 'n hoër en beter toon afgesluit het.

M. J. STRYDOM,
(Sportredakteur)

# SKAAKRUBRIEK

Die huidige wêreldkampioene is beslis die Russe. Die grootste speler onder hulle is **Mikhail Botvinnik,** houer van die meesgesogte titel in die skaakwêreld sedert 1948. As hy 'n teater binnekom dan staan die gehoor op — 'n eer wat slegs aan nasionale helde bewys word.

Baie dames speel skaak, maar dit is slegs die enkele onder hulle wat dit ooit ver bring in hierdie rigting. Tot nogtoe is die enigste dames wat sukses op 'n groot toernooi gehad het **mej. Menchik.** Haar skitterende sukses het baie daartoe bygedra om die eeue-oue vooroordeel die nek in te slaan!

Die volgende spel was haar eerste in 'n internasionale toernooi.

**Wit: Menchik; Swart Yates.**

1. P-Q4, Kt-KB3; 2. P-QB4, P-K Kt3; 3. P-K Kt3, B-Kt2; 4. B-Kt2, O-O; 5. P-K4, P-Q3; 6. Kt-K2, Kt-B3; 7. O-O, P-K4; 8. P-Q5, Kt-Ktl; 9. QKt-B3, Q Kt-Q2; 10. P-K R3, P-QR4; 11. K-R2, Kt-B4; 12. B-K3, P-Kt3; 13. Q-Q2, P-R5; 14. QR-Ktl, Kt-R4; 15 P-QKt4, P x Pe. p. (em passant, het u daarvan geweet?); 16. PxP, P-B4; 17. P-B4, BPxP; 18. P-QKt4 !!, PxP; 19. KtxBP, KtxKt; 20. PxKKt, Kt-R5; 21. KtxP, B-B4; 22. B-Q4, Q-Q2; 23. QR-Kl, P-R3; 24. Kt-Kt3, K-R2; 25. KtxB, PxKt; 26. B-KB3, QR-Kl; 27. B-R5, R-K5; 28. RxR, PxR; 29. R-KKtl, BxB; 30. B-Kt6 skaak!

Na hierdie set is die spel vir swart verlore.

Waargeneem deur
N. F. LAUBSCHER.

# Vioolspeler Amper Geskaak

Woensdagaand, 11 Mei, direk na die afkondiging dat die skaking van dirigente aan die gang is, het 'n O.B.-motor sy verskyning op die P.U.-gronde gemaak.

Hoewel die motor met suspisie en verwagting bejeen is, het dit slegs **Jack de Wet,** die vermaarde vioolspeler vervoer, en **nie** Oukies op die skaak uit nie. Mnr. de Wet het egter deur sy goeie tegniek, wat sy voordrag van hoogstaande gehalte gemaak het, opgemaak vir enige teleurstelling veroorsaak deur die „onskuldige" identiteit van die motor.

Die waarheid lê altyd juis buite bereik van die sintuie.

* * *

'n Goeie geheue is nie een wat alles vaslê nie, maar wat onderskei en bewaar.

* * *

Een van die mees waaragtige kenmerke van 'n groot persoonlikheid lê in die vermoë om te vergeet.

* * *

Die alleraangenaamste gebeurtenis is tog minder aangenaam as die verlange daarna of die herinnering daaraan.

* * *

Dit kan nooit die leermeester se taak wees om sy leerlinge 'n gedig te **verklaar** nie, dog om te verklaar waarom hy dit nie kan verklaar nie.

—●—

Wie my vir die eerste keer bedrieg doen my n onreg aan. Wie dit vir 'n tweede keer regkry, laat reg aan my geskied

* * *

Die beleefdheid is 'n produk van die beskawing bestem om goedheid te toon wanneer dit bestaan, en om dit te vervang wanneer dit nie bestaan nie.


MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

●

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

LOOCK
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
"SUNFROZE"
Roomys — Ice Cream

DAVY ROBERTSON
ATELJEES
Vir die mooiste
PORTRETTE en RAME

KOM SIEN ONS—
vir al u
● Fotografiese
en
● Aptekersbenodigdhede.

GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

DIE BULT
Algemene Handelaar
Von Wiellighstraat 20,
VIR ALLE
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
SIGARETTE, ens.

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE
en
MOTORFIETSE

J. HEIDEMA
(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

CACHET MODES [Edms.] Bpk.

Open teen die tweede helfte van April te
TOMSTRAAT 56A
(Langsaan Sonskynkafee)

Alle benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.

Schoonhoven Haarkappers

„Dames en Here Studente! . . . . "

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:

Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 65 — Potchefstroom

**W. A. VENTER**

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

•

**FAHRIN VERLOOFRINGE**

•

MAKLIKE TERME . . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!

**WESTVAAL**

Studente !!!

VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA

**WESTVAAL**

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS.

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

**• OOGKUNDIGE.**


**• Brilspesialiteit.**

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.




# BESOEK VAN PROF. DR. REESER AAN DIE P.U.

Deur bemiddeling van die Afrikaans-Nederlandse Kultuurunie het ons die voorreg gehad om 'n prominente musikoloog in ons midde te ontvang. Prof. Reeser is bekend as navorser, geskiedskrywer en deskundige wat 'n leidende aandeel in die Nederlandse musieklewe het. Vir die ontluikende universitêre musiekopvoeding in Suid-Afrika was sy besoek dus van groot betekenis, te meer omdat hy die eerste was om onder die kultuurverdrag met die Nederlande hier voordragte oor die toonkuns te kom hou.

In Potchefstroom het hy twee voordragte gegee. Die eerste het gehandel oor die doel, metodes en betekenis van die Musiekwetenskap en die tweede moes dien as 'n inleiding tot die musieklewe in Holland in die teenwoordige tyd. Laasgenoemde lesing is deur ons besoeker aan die vleuel-klavier geïllustreer met voordragte uit die werke van hedendaagse Nederlandse komponiste, om die vernaamste tegnieke en tendense aan die oor te bring. **Die voordragte is ongelukkig swak bygewoon, 'n verskynsel wat weer eens die ernstige onverskillendheid teenoor beskawingsgoedere in die moderne studentelewe pertinent onder die aandag bring.**

Die kennismaking was vir die musici in die besonder van groot betekenis, temeer omdat waardevolle kontakte opgebou kon word en nuwe stimulus aan ons eie musiekopvoedkundige strewe gegee is.

J.P.M.

## MUSIEK-VERENIGING

Op Woensdagaand, 1 Junie, het ons weer die voorreg gehad om 'n musiekkonsert, deur die Collegium Musicum gereël, en aangebied deur die P.U.-Musiekvereniging, in die Totiusgedenksaal by te woon. Dit was die derde konsert in 'n reeks van agt wat hierdie jaar deur die groep, wat be-oog om verskillende periodes in die musiekgeskiedenis te dek, aangebied word.

**Eugenie Premyslav** (tjello), **Arthur Wegelin** (viool) en **Pieter de Villiers** (klavier) het opgetree in tros van **Haydn, Beethoven en Schubert.**

—•—

**Kys is 'n dobbelspel waarby mans hulle vryheid (!) en dames hulle geluk op die spel plaas.**

# John Wright (en Marionette) Verstom Gehore

John Wright, wat met sy marionettespel Potchefstroom op 23 en 24 Mei besoek het, het vir aangename vermaak gesorg. Mens staan verstom oor die tegniese vaardigheid en die rykdom van verbeeldingskrag wat aan die dag gelê is.

Tog het sekere dinge afbreek aan die vertoning gedoen. Die luidspreker het die besonder goeie spreekgedeelte so versterk dat die Heks uit „Die Meerminnetjie" heeltemal onverstaanbaar was. Waarskynlik om dieselfde rede was die musiek by die verskeidenheidsgedeelte ook te hard en skel.

Nogtans was die saal met alle vertonings gepak, en die gehore baie waarderend.

—•—

**Mnr. Christie Roode,** kunsredakteur van die „Wapad", bevind hom tans op 'n plaas in die Vrystaat waar hy herstel na sy onlangse ernstige siekbed. Ons wil hom sterkte en beterskap toewens en die hoop uitspreek dat hy binnekort weer in ons midde terug sal wees.

## WEENSE SEUNSKOOR

Die Weense seunskoor het die publiek aangenaam verras en bekoor deur hulle voordrag op 23 Mei.

Die koor was fyn afgerig, en die soliste se individuele toonkwaliteit is baie prysenswaardig. Aan die begin van die program was die koorlede soms te entoesiasties en het hulle effens geskree.

Die klein operette het almal terdeë geniet — skynbaar ook die klein deelnemertjies wat hul rolle uitstekend vertolk het.

# PROF. POSTMA LEWER INOUGURELE REDE

**Prof. Ammi Postma** het op Vrydagaand, 27 Mei, sy inougerele rede as professor in Grieks gelewer oor die onderwerp: „Die Grieks van die Nuwe Testament." Eers het hy gehandel oor die Griekse taal in die algemeen en daarna oor die Grieks van die Nuwe Testament in die besonder.

Hier het hy, na die weerlegging van sekere valse beskouings, aangetoon dat hierdie taal identies is met die algemene spreektaal van daardie tyd, nl. die sogenaamde Koine. Hierdie beskouing het veral veld gewen na die vrugbare arbeid van **Deissmann.** Hierna het prof. Postma gehandel oor die grammatika van Grieks en oor die taal as draer van die Besondere Openbaring.

By hierdie rede was **prof. Grieder en prof. Snyders,** albei van Amerika, as besoekers teenwoordig.

## WOORDE

Die goedgekose woord is 'n tweesnydende swaard in die hand van die kenner en verskerp die verantwoordelikheid.

* * *

Soos die hael wat meedoënloos neerkletter is die woorde van die wyse as sy toorn ontstoke is; soos 'n vuur wat homself verteer is die woorde van die dwaas.

* * *

Woorde is die reukwater waarmee die minnaar sy geliefde besprenkel, die welriekende olie wat 'n vader seënend op sy eersgeborene uitstort, 'n balsem wat die troostende moeder oor haar kind se sorge sprei.

* * *

Onsterflik is die goedgekose woord. Soos 'n ster sal dit deur die eeue gloei; en sy klank is soos 'n silwerklepel wat gevleuelde note die omsingelende stilte instuur.

* * *

Daar is woorde wat soos wierook opstyg in die blou; ander wat huiwer en in die lug bly hang; en woorde wat soos swart rook oor die aarde kruip, swaar met die wasige roet van hul donkerheid.

* * *

Pêrels en porfier, topaas en ametis, saffier en kalsedoon, beril en barnsteen: woorde om mee te tower; woorooorwinning nie?

* * *

Daar bestaan geen helder gevoelens of gedagtes nie; dit is die vormgewing wat hulle verhelder.

Die verskil tussen geloof en bygeloof — wesenlik vir die gelowige — bestaan vir die ongelowige nie.

* * *

Ons doen alleen ons plig as ons te weinig vindingrykheid het om iets anders te doen.

* * *

Daar is niemand wat nie sy diepste menslikheid verkrag as hy nie aan die goddelike lewenswet van die liefde gehoorsaam nie.

* * *

In elke nuwe ontmoeting is daar iets irrasioneels, iets onberekenbaars. Maar dit staan vas: in elke mens wat ons in ons lewe ontmoet tree niemand minder as God self nie, in ons lewenspad om ons te ontmoet.

## ALABAMA-TOERLEDE

Die volgende persone is verkies om die Alabama-toer gedurende die Julievakansie na Rhodesië mee te maak:

DAMES: Marina Scheepers, Elsa van Wyk, Susan Yssel, Mercia du Toit, Vanessa Heiberg, Sarie Grobler, Ina Stiglingh, Salome Schutte, Madelief Schoeman.

MANS: Hennie Coetzee, Nico Laubscher, Ockert Strydom, Hendrik v.d. Walt, Gerrie Kukkuk, Willie Hamman, Willem van Jaarsveld, Nesco du Toit, Dawid de Villiers, Idille v.d. Walt, Chris Schutte, Louw van Wyk, Dawid Venter.

## SPYKERS MET KOPPE

Die eerste sug van die liefde is die sterwensnik van die wysheid.

Slegs hy wat homself 'n diens bewys is seker van erkentlikheid.

Dis van te veel mooiweer dat die woestyn onvrugbaar is.

—Langenhoven.

Ons ken mekaar nog nie as ons nog nie saam kan swyg nie.


**QUEEN'S HOTEL**
. . . . . vir al u dinees!
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.
Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE en KOLONIALE
• Wynsoorte en • Spiritualieë

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 111 — Potchefstroom.
„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**W. J. GROBBELAAR**
MANS en DAMES-HAARKAPPER.
Kerkstraat 97 — Telefoon 330.

DRINK en GENIET . . . . . .
**S & S Super Dilla en Super Orange**
**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN, POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . ! besoek
**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
KING'S HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

**BLITZ!... DROOGSKOONMAKERS.**
Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n
**FIETS aan te skaf.**
**C. v. d. MERWE**
FIETSHANDELAAR
Kerkstraat 92, Potchefstroom

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

**NOORDBRUG Kontantwinkel**
(Eienaar: A. G. Botha).
LANGS N.B.-POSKANTOOR
Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE STUDENTEBEDIENERS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
Bedieners van Dames sowel as Mans.

**OOSTHUIZEN Kole-agentskap.**
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

**Groenpunt-Kafee**
Von Wiellighstraat,
vir:
Vars, Smaaklike



# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra*. Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in **al vier die provinsies**, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

GI/441-2A



# EXCELSIOR MEUBELS

**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**


## MENSE OP DIE VOORGROND

**Prof. Mike Hattingh** en sy aanvallige vroutjie (vroeër mej. Kosie Vorster) is onlangs opgemerk by die tuinparty van die Goewerneur-Generaal.

* * *

**Dr. en Mev. Hennie Coetzee** het so pas teruggekeer van oorsee. Op die oomblik is Mev. Coetzee en haar skoonmoeder besig om 'n groot volkspelelaer te Klerksdorp te organiseer.

* * *

**Mnr. Louis Jordaan, Ma.** (Matriek) het pas uit Hollywood teruggekeer en is tans besig met 'n verhandeling oor „Die invloed van subjektiwistiese hallusinasies op objektiwistiese illusies." Uit betroubare bron word verneem dat hy tot die volgende resultaat gekom het: 'n Consul loop net so ver op een gelling petrol as Lea Coetzee op een pint koffie.

* * *

**Mnr. Spekkie van der Walt** het aansoek gedoen om alleen aan 'n tafel te eet — Hy kan nie so aanskou hoe hy die ander sewe doodeet nie.

* * *

**Dr. Piet van Wyk,** D.SC. (45) is onlangs by 'n vergadering van oustryders opgemerk in die geselskap van mej. Smuts (18).

* * *

Met groot belangstelling word daar uitgesien na die verskyning van **Peet Duvenage** se volgende bundel liefdesgedigte. Dit is vir ons n groot genoë om sy jongste gedig ter approbasie aan u voor te lê:

**LOVE.**

Love is a thing
You can never explain.
It tickles your heart
And condemns your brain

* * *

**Adv. Pegleg du Plessis,** minister van bos(kerk)bou en besproeiing het onlangs in die parlement n' skitterende toespraak gelewer wat sy teenstanders heeltemal oorweldig het.

* * *

**Mnr. Koos du Plooy** wat bekendheid verwerf het as boer met 'n deeglike kennis van wit, langlyf varke, het gister vader geword van twee fris seuns. Albei het rooikoppe.

* * *

**Ds. Kiewiet Vermeulen** wat op die oomblik die meeste aandele by Pro Rege-Pers Bpk. het, moes tot sy spyt uitvind dat nie alles wat in die winkel is syne kan word nie — al het hy genoeg geld.

* * *

**Mej. Lunda Grobbelaar** is besig om pragtig te herstel na 'n hart-operasie. Die dokter het een van haar hartkamers uitgehaal en hy is oortuig daarvan dat sy nie meer verlief sal raak nie.

* * *

**Mej. Trynie Eksteen** het haar verlore tandeborsel gevind. Na drie dae se vrugtelose gesoek, het sy dit gevind tussen haar kamermaat se kiestande.

## STEL U VOOR . . . . .

**Ina Uys:** in Boswell se sirkus.
**Klein Dick:** met hare.
**Kolletjie van Rensburg:** as 'n fisant.
**Lila Malan:** as 'n kafeemeisie.
**Lunda Grobbelaar:** geïnteresseerd in 'n U.O.D.-klas.
**Susan Snyman:** sonder Martyn.
**Chrissie Heine:** as huismoeder.
**Van Dalsen:** as Mr. Universe.
**Stil Stulpe:** op die B-veld.
**Marietjie du P.:** as „miss Margate."
**Marie Visser:** tevrede met haar lot.
**Annalene du P.:** as „Blondie."
**Boy Snyman:** as Meester Pergasie.
**Johan v.d. Vyver:** as „Nikswerd Neels."

## NUWE FLIEKS

**Willem (Stasietor) Barnard** in sy onvergeetlike rol as **„Thundering Gunslinger." Ramorapo (Pa van die bene) Swanepoel** in **„She'll meet me at the coarse"** (Sêra?).

**Susan Yssel** in die hartroerende drama **„Rear Widow"**

**Stoker Snyman** en **Sytie Steyn** in die rolprent van spannende hoogtepunte: **„Back to the old-old trail."**

Die **mans van die Heimat-kompleks** bygestaan deur die **Gathlandia-Badkamerkoor** onder leiding van Gert Hattingh bied aan die grootste Romantiese Komedie van die jaar nl. **„Bread, Love and Dreams."**

## HITS OF THE WEEK

**Gert van den Bergh:** „Ah, sweet mystery of life at last I found thee."
**Tokkelok van der Walt:** „I wonder the light brown hair."
**Susan Yssel:** „Memories"


**Bus 206** **Tel. 164 & 1167**

H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat

# CENTRAL CASH STORE

**POTCHEFSTROOM**

Vir **Vars Vrugte, Groente, Kruideniersware, Damesuitrustings Kombuisgereedskap.**

ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP



# DIE BULT SKAATSBAAN

**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**

**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**



*Beyers Claassen* FOTOGRAWE — **Nou ook te Kerkstraat 84** - - **Foon 45**
**Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS**

# THEOS NOG STEEDS ONOORWONNE

## SPOORWEG 19-3 GEKLOP

In 'n baie aanskoulike en opwindende wedstryd het Theos daarin geslaag om hulle onoorwonne rekord vir hierdie seisoen voort te sit toe hulle onlangs ook vir Klerksdorp Spoorweg oorrompel het met 'n telling van 19 punte (twee doele en drie drieë) teenor drie ('n strafskop). Vir Theos was dit 'n belangrike kragmeting, nie alleen omdat dit 'n vierpunt-wedstryd was nie, maar ook omdat hulle nou taamlik ver in die liga voorloop en verder ook omdat hulle opponente beskou word as een van die gedugste spanne in die liga.

Reeds vanaf die staanspoor het die Pukke hulle deeglik laat geld, en is die eerste punte aangeteken deur **Ferdi van Zyl** met 'n drie wat nie vervyf is nie. Kort daarna het **Jan de Wet** mooi gebreek en **Ben van der Walt** oorgestuuur vir die mooiste drie wat gedurende die dag aangeteken is. **Lang Stoney** het vervyf. **Billy Duvenhage** was verantwoordelik vir die volgende drie punte na 'n pragtige individuele poging. Na hom word **Daantjie Coetzee** weer in die hoek oorgestuur vir die volgende drie punte. Die wedstryd is mooi afgerond deur 'n verdere drie deur **Jan de Wet** wat deur **Oos van der Merwe** vervyf is.

Vir Spoorweg het **Mannetjies Gericke** 'n strafskop behaal.

Dit sou onregverdig wees om spelers in hierdie wedstryd uit te sonder maar die name van Groot Dick Putter, Billy Duvenhage, At Engelbrecht, Jan de Wet en Ben van der Walt verdien besondere vermelding.

### NAVY

**In 'n wedstryd waarin daar feitlik net een span op die veld was, het Navy die mooi vertoning van Theos voorafgegaan deur 'n pragtige oorwinning van 28-0 teen die tweede span van Klerksdorp Spoorweg. Punte hier is aangeteken deur Kolletjie van Rensburg, Hennie van der Walt en Blom met een drie elk, en Dippenaar (twee drieë), Klein Dick Putter (twee drieë, 'n skepskop en 'n vervyfskop) en Louw Erasmus ('n vervyfskop).**

### ONDER-NEGENTIENS

Die wakker onder-negentien span van die Puk het op dieselfde dag ook 'n weghol-oorwinning oor Koöperasie behaal toe hulle laasgenoemde span met 21 punte teenoor nul verslaan het.

## MANSHOKKIE RUK REG

Op hulle onlangse terugslae in die eerste liga, het die eerste Manshokkie span mooi reggeruk deur eers vir **Proefplaas** met 'n telling van 5—0 te klop en daarna die sterk span van **Ellaton** met 3 doele teen nul te verslaan. In eersgenoemde wedstryd is die span van Proefplaas vanaf die staanspoor op die verdediging geplaas. Hierdeur is die Pukke se kanse om die telling hoër op te skuif, aansienlik verswak.

Die wedstryd teen Ellaton wat op 'n baie swak veld afgespeel is, het min hoogtepunte opgelewer alhoewel die Pukke deurgaans die botoon gevoer het en Ellaton min geleenthede gebied het om tot die aanval oor te gaan. Uitstaande spel is gelewer deur **Bern Pienaar**, die knap heelagter, en die middelskakel **Horst Wiese.** Van laasgenoemde kan ons nog baie verwag. **Hessel Dijkstra** het, soos gewoonlik uithalerspel in die doel gelewer. Die doele is aangeteken deur **Jack Strydom** (2) en **Piet van Wyk** (1).

## SEWE PUKKE IN GEKOMBINEERDE SPANNE

Sewe Pukke is gekies om diens te doen in die twee gekombineerde Pochefstroomse hokkiespanne wat eerskomende Saterdag teen Klerksdorp se gekombineerde spanne optree. In die A-span speel **Piet van Wyk, Jack Strydom, Horst Wiese en Hessel Dijkstra** en in die B-span **Rassie Smit, Mike Jonker en A. T. Wiese."**

Ons wil hierdie persone dan ook van harte geluk wens.

## KORFBAL

Op die 31ste Mei het Wes-Transvaal hulle jaarlikse korfbaldag gehou. Hier het die Pukdames weer eens hulle waarde gewys en is drie vir Wes-Transvaal gekies. Ons wens vir **Lidie Bekker, die kapteine, Casper Venter** en **Stefanie du Plooy** baie geluk.

Lg. is twee eerstejaars van wie nog baie verwag word as mens in aanmerking neem dat daar nege spanne meegeding het.


Vyf Pukkies het aan die proefwedstryde deelgeneem en almal behalwe Edna Kruger en Kobie Pretorius het die paal gehaal.



**Mej. Lidie Bekker, kapteine van die P.U.-korfbalspan wat Wes-Transvaalse kleure verower het.**

## DAMESHOKKIE VEROWER BEKER VIR MOOI GEES, SPEL

Op die Wes-Transvaalse hokkie-dag het die twee P.U.-dameshokkiespanne baie goed presteer. Die eerste span se linkervleuel, **Selma van Schouwenburg,** is vir die vierde agtereenvolgende jaar gekies vir Wes-Transvaal asook tot onder-kapteine van die span.



**Mej. S. van Schouwenburg wat verkies is tot onder-kapteine van die Wes-Transvaalse Dameshokkiespan.**

Vier ander Pukkies, **Cecile Smit, Ponie du Plessis, Hermina van der Dussen en Rina Loedolff,** het aan die proefwedstryde deelgeneem.

Die eerste span het buite verwagting swak gevaar en taamlik laag op die leer geëindig. **Hulle het egter gepresteer deur 'n beker te verower wat vir die span met die mooiste spel, gees en voorkoms uitgeloof is.**

### DIE BENOUDES

Die Benoudes het baie goed gevaar in die tweede liga. Alhoewel hulle met 'n halwe voorlyn gespeel het, was die verdediging ondeurdringbaar en die regtervleuel **Rina Loedolff,** het telkens deurgebreek en 'n doel geskiet. Ander staatmakers was **Anna Struwig** en **Gretha Pretorius.** Hierdie span het die Wes-Transvaalse beker vir die tweede liga met net een punt verloor.

Die span kan gelukgewens word met hulle mooi samespel en ook die beginners se mooi pogings.

**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
● Voorradehouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

★
**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.
★

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**
Vir al u . . .
● Mediese en skoonheidsbenodigdhede
sowel as
● Radio en Elektriese Benodigdhede,
● Kiekies ontwikkel en afdruk.
Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
● VRUGTE, LEKKERS,
● SIGARETTE,
● KOELDRANKE en
● VERVERSINGS.
VRUGTE en GROENTE.
Bekend van weë sy
UITSTEKENDE DIENS!!

**I. GLASER—Juwelier**
NUWE ADRES:
vanaf 1 April
h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN,